

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 17: *Yitro* (יהרו) (Jetro)

Yitro, die nie-Levietiese priester van Midyan, Moshe se skoonvader, het alles gehoor wat God vir Moshe en vir Sy volk Yisra'el gedoen het; hoe יהרה Yisra'el uit Egipte uitgebring het. Ex. 18:1 – PWL Vertaling¹

Torah: Exodus 18:1 tot 20:23(26).

- ❖ **Ex. 19:1** – Aankoms by Sinai.
- ❖ **Ex. 20:8** – Gedenk die Shabbatdag.
- ❖ **Ex. 20:18** – Die Profetiese Vervulling van Shavuot.

Haftorah: Jes. 6:1 tot 7:6 en Jes. 9:5 en 6 – Onrein lippe.

B'rit Chadashah: Matth. 5:17 tot 19; Matth. 6:1 tot 8:1; Matth. 19:16-30; John 14:15; Rom. 7:7 tot 12; Rom. 13:8 tot 10; Hebr. 12:18 tot 29; Jak. 2:8 tot 13; 1 Joh. 2:3 tot 6; 1 Joh. 3:4 tot 10

Baie mense sal oor die waarheid struikel en selfs val, maar dan weer opstaan, hulself afstof en met die leuen voortgaan.

God's will is hard only when it comes up against our stubbornness, then it is as cruel as a ploughshare and as devastating as an earthquake – Oswald Chambers

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch

YHVH-God uses people. He uses people to perform His work. He does not send angels. Angels weep over it, but YHVH does not use angels to accomplish His purposes. He uses burdened broken-hearted weeping men and women – Anonymous.

Midrash (Torah Bespreking)

Ex. 19:1 – Aankoms by Sinai

In die derde maand nadat die kinders van Yisra'el uit die land van Egipte uitgegaan het, op dieselfde dag, het hulle in die wildernis van Sinai gekom (PWL Vertaling)

In hierdie parashah leer ons van Israel wat aankom by die eerste baie belangrike bestemming op hul tog na die Beloofde Land, naamlik by die berg Sinai! Hierdie was meer as net 'n bestemming; dit was 'n beplande ontmoeting met YHVH, die God van Abraham, Isak en Jakob. YHVH self het hierdie afspraak met Sy volk Israel gereël en die doel was om Homself op so 'n wyse te openbaar dat elkeen, sowel as die nageslagte, die Karakter en Outoriteit van El-'Olam, die Ewige Magtige God, sal ken. Hierdie is die enigste keer in die geskiedenis waar die hele Israel 'n aangesig-tot-aangesig ontmoeting met YHVH die Almagtige gehad het! Die sowat drie miljoen Israelite het almal YHVH se stem gehoor en niemand het getwyfel oor wat hulle gehoor het nie, want hulle het dit self direk van God gehoor!

By Sinai het YHVH Sy eiendomsvolk versamel om aan hulle 'n huweliksaanbod te maak². Dit was in opvolg van YHVH se bewys van Sy liefde vir Israel toe Hy hulle van die Egiptiese slawejuk bevry het. Hierdie was YHVH se liefdesverklaring van Sy begeerte om in alle opsigte vir hulle te voorsien, naamlik om as Bruidegom hulle YHVH-Yireh (Voorsiener) na gees, siel en liggaam te wees. As bewys van hierdie liefde en voorneme, het YHVH Homself bereid verklaar om dit deur 'n huweliksverbond (*ketuba*)³ vir ewig te bekragtig. Die seëninge en voorwaardes van hierdie huweliksverbond is verwoord in die Torah – YHVH se onderrig en instruksies vir die bruid wat deur middel van Moses aan Israel aangebied was. In kort is hierdie huweliksverbond die versekering dat indien Israel YHVH se onderrig en instruksies (Torah) nougeset in hulle lewens toepas, dan sal hulle nooit weer slawe wees nie!! Wie kan so 'n liefde weerstaan en so 'n aanbod weier??

² Volgens antieke Hebreeuse denke behels 'n huwelik die volgende: Die verlowing wat die wettelike ooreenkoms (verbond) is en wat as die huwelik beskou word, maar die bruid en bruidegom woon nog apart. Nadat die Bruidegom 'n bruidskamer tot die bevrediging van die bruidegom se vader voltooi het, gaan haal die bruidegom sy bruid en word die huwelik voltrek deur seksuele gemeenskap. Dit word gevolg deur 'n huweliksfees wat saam met familie en vriende gevier word. By Sinai het die verlowing tussen YHVH en Israel plaasgevind. YHVH het die huweliksaanbod gemaak (Ex. 19:5 en 6) en Israel (en elkeen van ons – Deut. 29:14 tot 16) het “Ja” gesê (Ex. 19:8).

³ 'n Kontrak is 'n selfsugtige ooreenkoms, want die doel is eerstens om eie belange te beskerm. 'n Verbond is 'n onselfsugtige ooreenkoms, want die doel is om eerstens die belange van die verbondsvennoot te beskerm. Daarom word daar na die *ketuba* eerder as 'n huweliksverbond verwys en nie as 'n huwelikskontrak nie!

Na Pesag (sinnebeeld van wedergeboorte en bekering) en die deurtog deur die Rooisee (sinnebeeld van die waterdoop) moet ons elkeen by Sinai vertoef om YHWH se Torah en die Afgesonderde Gees te ontvang, alvorens ons die tog deur die wildernis van hierdie wêreld na die Beloofde Land (die beloftes) kan aanpak.

Aangesien die hoogtepunt van hierdie parashah die gee van die wet by Sinai is, is dit noodsaaklik om net eers weer die ware betekenis van die woord *wet* te hersien. Wanbegrip van die betekenis hiervan is die oorsaak van baie geestelike verwarring, en selfs misleiding, omrede sekere Skrifgedeeltes verkeerd interpreteer word.

Wanneer die woord *wet* in geloofsverband gebruik word, dink die meeste Christene aan die tien gebooie (Ex. 20:1 tot 17). Hierdie is egter slegs een betekenis van hierdie woord soos dit in die Skrifte gebruik word. Om die korrekte betekenis te verstaan moet die Hebreeuse betekenis daarvan verduidelik word. Die Hebreeus vir *die wet van YHWH* is *Torah*. Die betekenis van hierdie woord is:

Die onderrig, instruksies en wysheid van YHWH.

Torah bevat ook die gedagte *om rigting aan te dui*. Die wet soos in Skriftuurlike verband gebruik word, is dus die *Torah* en is nie net die tien gebooie nie, maar:

Al die onderrig, instruksies en wysheid van YHWH soos in die Skrifte opgeteken is en wat vir gelowiges die rigting (pad) aandui.

Kortliks beteken *Torah onderrig*. Dit kan vergelyk word met die liefdevolle onderrig van 'n vader van sy kinders. 'n Vader het sy kinders lief en daarom onderrig hy hulle sodat hulle 'n suksesvolle en gelukkige lewe kan hê. Hierdie betekenis moet deurgaans in ons bestudering van die Skrifte in gedagte gehou word.

Hoewel *Torah* al die onderrig en instruksies van Vader-God in die ou en die hernieude verbond behels, word daar meestal na die eerste vyf boeke van die Skrifte verwys. Die tien gebooie kan beskou word as 'n *opsomming* van die *Torah* en ook as die tien beginsels (pilare) waarop *Torah* gebou is.

Ons kan dit ook soos volg vergelyk: *Torah* bestaan uit vyf boeke wat saam as een boek gebind word en waarvan die tien gebooie die inhoudsopgawe van hierdie boek is! Elk van die 613 gebooie (*mitzvot*) in *Torah* se wortel kan in een van die tien gebooie gevind word.

In die Griekse vertaling van die Skrifte is *Torah* met *nomos* vertaal. Die oorspronklike betekenis van *nomos* is nie YHWH se *Torah* nie, maar wette soos landswette, naamlik mensgemaakte wette. Waar die woord *wet* (wette, *law*) in die Skrifte gebruik word, sal die konteks van die bepaalde Skrifgedeelte bepaal of dit as 'n mensgemaakte wet en of dit as *Torah* vertaal moet word. Vergelyk Gen. 47:26 (mensgemaakte wet) en Ex. 13:9 (*Torah*).

Die volgende voorbeeld van Ps. 1:1 en 2 kan gebruik word as illustrasie van hoe 'n Skrif *nuwe* betekenis kry wanneer die verskil tussen wet en Torah verstaan word:

Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie; maar sy behae is in die wet (die Torah) van YHVH, en hy oordink sy wet (die Torah) dag en nag.

Hiervolgens is dit duidelik dat die mens wat 'n behae het in die onderrig, instruksies en wysheid van YHVH welgeluksalig sal wees. Hierdie is veel meer as net 'n behae in die tien gebooe. Dit is 'n behae in die totaliteit van YHVH se Torah om dit te hoor en te doen. So 'n mens *sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit* (Ps. 1:3)!

Hierdie onderskeid tussen *wet* en *Torah* is baie belangrik en moet voortdurend in die Afrikaans en Engelse vertalings van die Bybel gemaak word. 'n Wet is uitsluitlik 'n *moet* of 'n *moenie*. Die mens wat nie aan die *moet* of *moenie* gehoorsaam is nie, oortree die wet en sal gestraf word. Die *Torah* se uitsluitlike doel is egter om die mens te onderrig deur instruksies en wysheid soos opgeteken is in die Woord van YHVH. In hierdie onderrig, instruksies en wysheid is die *moets* en *moenies* vervat. Daarom is YHVH se Torah die lamp vir jou voet en die lig op jou pad (Ps. 119:105).

YHVH se Torah kan ook soos volg verduidelik word:

- ❖ Die onderrig aan die bruid aangaande 'n leefwyse saam met die Bruidegom.
- ❖ Die huweliksverbond (*ketubah*) bevattende die huweliksvoorwaardes!
- ❖ Die bewys van YHVH se getrouheid aan die bruid.
- ❖ 'n Leefwyse van gehoorsaamheid om die Bruidegom waarlik te leer ken.
- ❖ Die onderrig en instruksies in geregtigheid.
- ❖ Die nou poort en die smal weg.
- ❖ Yeshua is die Lewende Torah. Hy is die Weg, die Waarheid en die Lewe!

Bepeins of Bespreek

1. YHVH het 'n bruid (Israel) gekies en haar verlos (bevry) en afgesonder (geheilig) vir Hom. As jy nie deel van Israel is nie, dan is die vraag: Deel van wie en wat is jy en is daar 'n Skrif wat dit bevestig?! Lees Romeine hoofstuk 11 in die verband.
2. By Sinai kon elkeen met oortuiging en sekerheid sê: *die Here sê....!* Kan ons vandag elkeen glo wat ook hierdie woorde kwynt raak, veral as ons weet so 'n persoon beskou homself of haarself as vry van die wet? Kan 'n mens werklik die stem van Vader-God

hoor as hy doelbewus Torah oortree? Is dit die Gees van YHVH wat die Torahlose inspireer om 'n profetiese woord te spreek? Onthou Yeshua se woorde: *My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My* (Joh. 10:27).

Ex. 20:8 – Gedenk die Shabbatdag.

Onthou die Shabbatdag, om dit afgesonderd te hou (PWL Vertaling).

If the covenant ceremony at Mount Sinai can be compared to a wedding, then the Sabbath can be compared to a wonderful wedding gift. Wrapped up in blessing and holiness, it is a gift that continues to radiate the love of God every week (Parashah Yetro, First Fruit of Zion, 2012).

YHVH het Israel, en almal wat deel van Israel is, beveel om in alle geslagte die Shabbat te gedenk en af te sonder (te heilig). Die Hebreeus vir *gedenk* is *zakar* (זָכַר) en beteken ook *dink, onthou, in gedagtenis bring en noem*. In die Engelse Skrifte word dit hoofsaaklik as *remember* vertaal.

Volgens Hebreeuse denke het *zakar* (gedenk, onthou) 'n verbondverbintenis. Wanneer YHVH dus beveel dat ons die die Shabbat moet onthou en dit afsonder, dan is dit volgens die verbond soos by Sinai gesluit was. 'n Verbond is ewigdurend en daarom is die Shabbatsgebod 'n ewige gebod! So lees ons in Jes. 66:23 dat die Shabbat ook gedurende die Millennium gedenk en afgesonderd sal word.

Die eerste keer waar ons die woord *zakar* in die Skrif vind, is in Gen. 8:1 na die sondvloed en dan in Gen. 9:14 en 15 met die verbondsluiting tussen YHVH en Noag:

*En God het **gedink** (zakar) aan Noag en aan al die wilde diere en al die vee wat saam met hom in die ark was; en God het 'n wind oor die aarde laat waai, sodat die waters gesak het.*

*As Ek dan wolke oor die aarde bring en hierdie boog verskyn in die wolke, dan sal Ek **dink** (zakar) aan my verbond wat daar bestaan tussen My en julle en al die lewende wesens, in alle vlees. En die waters sal nie meer 'n vloed word om alle vlees te verdelg nie.*

Hierdie *dink* in bogenoemde teksverse is meer as net dat YHVH die gebeurtenis van die sondvloed en verbond sal onthou, maar die onthou het, en sal, met 'n gepaste handeling gepaard gegaan. In Gen. 8:1 het YHVH na die reën **gedink** aan Noag en die diere in die ark en Hy het 'n wind oor die aarde laat waai sodat die waters gesak het. Terwyl in Gen. 9:14 en 15 sal die reënboog die teken wees wat YHVH sal laat onthou (**dink**) aan Sy verbond met Noag en Hy sal seker maak dat die waters nie weer 'n vloed sal word wat alle vlees verdelg nie. In beide gevalle sien ons dat wanneer YHVH aan iets dink, naamlik dit onthou of in gedagtenis bring, dan onderneem Hy ook om iets daaraan te doen.

In Gen. 40:14 lees ons aangaande Josef in die tronk dat hy vir die voorman van die skinkers vra om hom *in gedagte te hou* (*zakar*) en om van hom *melding te maak* (*zakar*) by Farao. Josef vra dus die skinker om nie net te onthou dat hy in die tronk is nie, maar ook om iets daaraan te doen om hom te bevry. *Zakar* is dus om te onthou (te gedenk, in gedagtes te bring) en om iets te doen aangaande dit wat onthou word. In Skriftuurlike konteks is *zakar* dus meer as om net jou verstandelike vermoë te gebruik. Dit is om op 'n gepaste wyse te reageer op dit wat in gedagtenis gebring word.

Ons wil ook graag hê dat die Vader ons moet *zakar* (aan ons moet dink en onthou), veral in tye van nood. YHVH het aan Sy verbond met Israel gedink (*zakar*) toe hy die kinders van Israel se gekerm in Egipte gehoor het (Ex. 2:24; Ex. 6:4) en Hy het hulle van die slawejuk verlos. So wil ons ook hê dat YHVH aan Sy verbond met ons in Yeshua Messias moet dink (*zakar*) en ons uit ons nood verlos en moet voorsien volgens ons behoeftes. Wanneer ons in gebed na ons Vader gaan dan probeer ons nie om Hom van gedagte te verander nie, of om Hom te oortuig nie, maar ons vra Hom om te *zakar* aan Sy genadevoorsiening in Yeshua. Ons herinner Vader aan Sy beloftes en vra dat Hy ons daarvolgens sal seën, voorsien en verlos.

Die woord *zakar* word ook gebruik in die gebede wat in die Skrifte opgeteken is. So byvoorbeeld het Moses vir die volk voorbidding gedoen met die woorde:

Gedenk (*zakar*) aan Abraham, Isak en Israel, u knegte, vir wie U by Uself gesweer en aan wie U gesê het: Ek sal julle nageslag vermenigvuldig soos die sterre van die hemel, en hierdie hele land waarvan Ek gespreek het, sal Ek aan julle nageslag gee, dat hulle dit vir ewig kan beërwe. Ex. 32:13.

So het Jeremia ook tot YHVH geroep en gesê: *YHVH, U weet dit; dink* (*zakar*) aan my en besoek my, en wreek my op my vervolgers. Neem my in u lankmoedigheid nie weg nie. Weet dat ek smaad dra om U ontwil (Jer. 15:15).

Ons gebede is soos trompette (shofars) wat geblaas word en wat ons voor die aangesig van die Vader bring sodat Hy aan ons sal dink (ons sal *zakar*). Dit is die versekering wat ons as gelowiges in Yeshua Messias het.

En as julle in jul land in oorlog kom teen die vyand wat met julle veg, moet julle met die trompette alarm blaas; dan sal aan julle gedink word voor die aangesig van YHVH julle God, en julle sal van jul vyande verlos word. Num. 10:9

Dink, YHVH, aan u barmhartigheid en u goedertierenhede, want dié is van ewigheid af. **Dink** nie aan die sondes van my jonkheid en aan my oortredinge nie; **dink** aan my na u goedertierenheid, om u goedheid ontwil, o YHVH! Ps. 25:6 en 7.

YHVH ons God beveel ons egter ook om te *zakar*, naamlik om aan sy onderrig en instruksies te dink en deur gepaste wyse daarvolgens te handel.

*Maar die goedertierenheid van YHVH is van ewigheid tot ewigheid oor die wat Hom vrees, en sy geregtigheid vir kindskinders, vir die wat sy verbond hou en **aan sy bevele dink om dié te doen**. Ps. 103:17 en 18.*

Vader-God kan alleenlik aan ons dink en op gepaste wyse handel om ons te seën en te verlos indien ons aan Sy Torah dink en dit doen, naamlik om nougeset daarvolgens te handel. Ons moet voortdurend aan Hom en aan Sy onderrig en instruksies, Sy Torah, dink (*zakar*) en ooreenkomstig dit optree.

*Soos met vet en vettigheid sal my siel versadig word, en my mond sal roem met jubelende lippe as ek aan **U dink** op my bed, in die nagwake oor U peins. Ps. 63:6 en 7*

*Spreek met die kinders van Israel en sê aan hulle, hulle moet vir hulle klossies maak aan die hoeke van hul klere, in hulle geslagte, en aan die hoekklossies 'n draad van pers stof vasbind. En dit sal julle as klossies dien: as julle dit sien, moet julle **aan al die gebooie van YHVH dink, dat julle dit doen** en nie jul hart en jul oë navolg waar julle agter aan hoereer nie, sodat julle **aan al my gebooie mag dink en dit doen**, en aan julle God heilig mag wees. Num. 15:38 tot 40*

Ons moet nie net kennis neem van YHVH se Torah (onderrig en instruksies) nie. Nee, ons moet dit nougeset in ons lewens toepas!! Om te *zakar* is om te onthou (dit in herinnering te roep) en dit dan op gepaste wyse daarvolgens te handel. Dit is om daders van die Woord te wees en nie net hoorders nie. Hy wat die Woord (Torah) hoor en dit nie doen nie, bedrieg homself (Jak. 1:22). Hy wat die Shabbatsgebod hoor en dit nie doen nie, bedrieg homself!!

Die Shabbat, asook die feestye van YHVH, is geleenthede waar ons dink (*zakar*) aan dit wat YHVH vir ons gedoen het. Hierdie is gedenkdae, naamlik dae wat ons in herinnering roep dit wat YHVH ons beveel en dit wat Hy vir ons gedoen het en waar ons dit dan gedenk deur gepaste handeling. So lees ons dan ten opsigte van die Shabbat in Ex. 20:8 tot 11:

Onthou die Shabbatdag, om dit afgesonderd te hou. Ses dae moet jy werk en al jou besigheid doen, maar die sewende dag is 'n Shabbat van יהוה, jou God; dan mag jy géén besigheid doen nie; nie jy of jou seun of jou dogter, of jou slaaf of jou slavin, of jou vee of jou besoeker wat by jou bly nie, want in ses dae het יהוה die hemele en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het יהוה die Shabbatdag geseën en dit afgesonder (PWL Vertaling)

Indien ons wil hê dat Vader-God ons moet *zakar*, dan moet ons Hom *zakar*. Ons moet YHVH ons God en Vader, en al Sy onderrig en instruksies (Sy Torah), onthou (*gedenk, in gedagtenis bring en noem*) om dit nougeset te doen. Dit is wat elkeen wat deur die kosbare bloed van Yeshua geregverdig verklaar is, moet doen. Dan sal Vader-God aan ons dink, asook aan al Sy beloftes, en op gepaste wyse handel om in al ons behoeftes te voorsien.

Joseph Dumond (www.sightedmoon.com) skryf die volgende:

This word, zakar, really needs a picture to get the meaning across to you. Here is the picture: something is being engraved into a hand and it is so deep and so permanent so as to imprint eternally that something, into the mind. Something likened unto a branding, like what ranchers do to their cattle. YHVH is telling us to “zakar” the Sabbath. He is instructing us to “engrave it into the palm of our hand and count it a memorial that manifests itself in our minds”

Brad Scott (<http://www.wildbranch.org>) sê die volgende ten opsigte van Shabbat: *Keeping Sabbath is a dividing line between obeying the Lord and seeking Him, and following the crowd and being accepted by others. Anyone keeping Sabbath knows that you must prepare your house and heart to observe it. Sabbath is the prophetic picture of the millennial kingdom. Sabbath is the seventh day — the day to rest. The millennial kingdom is the seventh millennium — the day that the Lord will take His seat in Jerusalem and rest from His labors. Every time we keep Sabbath, we are training to be in the millennial kingdom. Every time we keep Sabbath, we are learning the spiritual lesson to prepare, to make ourselves ready for the Lord's return. Every time we keep Sabbath, we are refreshed and renewed to place spiritual priority above the physical. Every time we keep Sabbath, we are offering an invitation to the Lord of the Sabbath to stay in our homes until the kingdom comes.*

Bepeins of Bespreek:

1. Shabbat is ‘n afspraak wat Vader-God met ons gemaak het. Daarom moet ons vir ses dae aan die Shabbat ‘dink’ terwyl ons daarvoor voorberei en dan op die sewende dag op gepaste wyse handel as ‘n dag wat YHVH afgesonder het.
2. Jak. 1:22 – Hy wat die Shabbatsgebod hoor en dit nie doen nie, bedrieg homself!! Ons bedrieg onself deur te sê dat ons YHVH liefhet terwyl ons Sy Shabbatsgebod verontagsaam! Lees 1 Joh. 2:3 in die verband.
3. Ons is grootliks nog vasgevang in ‘Egipte’ – die wêreldstelsel – en daarom is dit dikwels moeilik om Shabbat te gedenk en dit te heilig, veral in huishoudings waar man en vrou nie hieroor eensgesind is nie. Wanneer dit moeilik is om op Shabbat op gepaste wyse te handel, kan die dink daaraan deel van onthou ten minste gedoen word. Onthou die Shabbat wanneer die son op die sesde dag (Vrydag) ondergaan en onthou die Shabbat wanneer die son op die sewende dag (Shabbat) opkom en weer ondergaan. Vader-God ken ons elkeen se hart. Heb. 4:14 tot 16 moet ook as troos en bemoediging dien, naamlik dat ons ‘n Hoëpriester het wat in alle opsigte met ons medelye het!
4. Is een van die belangrikste redes vir gebede wat **nie** verhoor word nie juis omrede die Shabbat nie onthou (*zakar*) en afgesonder (geheilig) word nie? Lees wat Spr. 28:9 sê!!

Ex. 20:18 – Die Profetiese Vervulling van Shavuot

Die hele volk het die stemme gehoor, die blitse, die klank van die ramshoring en die rokende berg gesien. Toe die volk dit sien het hulle gebewe en op 'n afstand bly staan
(PWL Vertaling)

Elk van die sewe feestye van YHVH, soos dit ondermeer in Levitikus 23 beskryf word, is 'n profetiese afbeelding van een stap in die Vader se totale reddingsplan van versoening en herstel deur Yeshua Messias. Hierdie afspraak (feestye, Bestemde Tye, *Mo'edim*) op YHVH se kalender is 'n afbeelding van dit wat reeds gebeur het, dit wat tans gebeur en dit wat nog gaan gebeur in YHVH se plan om die verhouding tussen Hom en die mens te herstel tot soos dit was voor die sondeval. In hierdie verlossings- en herstelplan is Yeshua Messias die middelpunt (die Middelaar).

Die sewe feestye van YHVH kan in drie feesseisoene verdeel word. Sedert ons begin het met die studie van Exodus en tot op hede het ons geleer van die eerste twee feestye (Bestemde Tye) van YHVH, naamlik van Pesag, die Fees van Ongesuurde Brode en die Fees van die Eerstelingsgerf. Laasgenoemde moet gedenk word wanneer Israel in die Beloofde Land kom (Ex. 13:11 tot 13 en Lev. 23:10 en 11). Hierdie drie Bestemde Tye vorm die eerste feesseisoen van YHVH en is 'n sinnebeeld van die volgende:

- Pesag: Wedergeboorte en bekering. Yeshua die Lam van YHVH en die eenmalige offer van sondevergifnis en versoening.
- Fees van Ongesuurde Brood: Yeshua die Brood van die Lewe en van 'n lewe as afgesonder vir YHVH (heiligmaking) in Yeshua.
- Fees van die Eerstelingsgerf: Yeshua die Eersteling van YHVH se siele-oes en van die belofte van 'n toekomstige verheerlikte liggaam. Dit is ook 'n sinnebeeld van die eerste (die beste) van alles wat aan YHVH geoffer moet word.

Die aankoms by Sinai en die gee van Torah (die wet) is 'n sinnebeeld van die tweede feesseisoen van YHVH. Hierdie feesseisoen staan bekend as *Shavuot* (Fees van weke) of meer algemeen as Pinkster.

Die vraag is nou: Wat is die verband tussen die gee van die wet (die Torah) en die gee (uitstorting) van die Afgesonderde Gees (die Heilige Gees) op Shavuot (Pinksterdag)? Ons kan hierdie vraag ook anders stel, naamlik: Waarvan is die gee van die wet by die berg Sinai 'n afbeelding (heenwysing)? Dan moet ons ook vra: Wat is die verband tussen Torah, die Afgesonderde Gees en die gawes van die Afgesonderde Gees? Hoe is dit alles in die hernieuwe verbond (nuwe verbond) vervul (bekragtig en bevestig)?

Shavuot is die dag wat YHVH die wet (die Torah) by die berg Sinai aan Moses gegee het, 50 dae na hulle uit Egipte weg is (Eks. 19:1 tot 25; Eks. 20:21). Daarom verwys die Jode ook na hierdie dag as die *Fees van die gee van ons Torah*. Vir die ortodokse Jood beteken

Pesag die fisiese bevryding van die Egiptiese slawejuk, terwyl *Shavuot* (die gee van die Torah) die geestelike bevryding van afgodediens en immoraliteit is.

Hulle is baie spesifiek oor die *gee* van die Torah en nie oor die ontvangs daarvan nie. Die rede is dat hulle glo dat die toegewyde Jood steeds daaglik die Torah, naamlik die openbaring daarin, ontvang. Op *Shavuot* is die Torah egter gegee. **Hulle beskou die Torah ook as 'n geskenk van YHVH en nie as 'n las nie!!** Hierdie siening verskil totaal van die van die Christendom (kerk) wat die Torah (die wet) as 'n las en vloek beskou.

Die Torah (die wet) is 'n geskenk van YHVH omrede dit al Sy onderrig en instruksies bevat en dit die fondament is om YHVH waarlik te leer ken, asook van wat Hy van elkeen vereis om as vry van die slawejuk te leef en om dus geseënd te wees. Torah is ook YHVH se spieël waarin elkeen die Almagtige se volmaaktheid en heiligheid sien, en waar elkeen ook 'n besef kry van eie onvermoë om aan YHVH se standaard uit eie krag te voldoen. Die wet (Torah) is YHVH se standaard en maatstaf van hoe om as geregverdigde te lewe.

Torah getuig egter ook van YHVH se genade, want deur geloof in Yeshua is die skuldlas van oortreding van Torah uitgewis. Die skuldbrief (nie die wet nie!) is aan die folterpaal vasgenael (Kol. 2:14). Nou kan ons YHVH se genade verstaan, want die wet van die Gees van die lewe in Yeshua Messias het ons vrygemaak van die wet van die sonde en die dood (Rom. 8:2).

YHVH is Gees en die tien woorde (gebooie) wat Hy by Sinai gespreek het, is inherent 'n deel van Sy Gees. Hierdie woorde was Yeshua wat die Woord van YHVH is (Joh. 1:1 en 14) en wat sigbaar op die kliptafels geword het. Dit was die vinger van YHVH Yeshua wat op die kliptafels geskryf het (Ex. 31:18). Hierdie tien gebooie vorm die basis van al YHVH se onderrig, instruksies en wysheid.

In die boek *The Midrash Says*, deur Rabbi Moshe Weissman, skryf hy ondermeer die volgende:

In the occasion of Matan Torah [the giving of the Torah], the Bnai Yisrael [children of Israel] not only heard Hashem's [the L-rd's] Voice but actually saw the sound waves as they emerged from Hashem's [the L-rd's] mouth. They visualized them as a fiery substance. Each commandment that left Hashem's [the L-rd's] mouth traveled around the entire Camp and then to each Jew individually, asking him, "Do you accept upon yourself this Commandment with all the halochot [Jewish law] pertaining to it?" Every Jew answered "Yes" after each commandment. Finally, the fiery substance which they saw engraved itself on the luchot [tablets].

Let veral daarop hoe Judaïsme die gee van die Torah deur die hoorbare stem van YHVH beskryf, naamlik: Hulle het die stem van YHVH as 'n *fiery substance* (vlammende substans of wese) gevisualiseer. Hierdie vuur het na elke persoon gekom en hierdie vuur het die wet (die Torah) op die kliptafels gegraveer (ingebrand). Begin jy die Pinksterverband soos dit in Handeling 2 beskryf word, sien?

Met bogenoemde as agtergrond kan daar nou gekyk word na die profetiese vervulling van *Shavuot*, asook na die verband tussen die gee van Torah, die uitstorting van die Afgesonderde Gees en die gawes (werking) van die Afgesonderde Gees.

Dit is baie belangrik om die volgende te onthou: Die volgelinge van Yeshua was op die dag van *Shavuot* bymekaar om die gee van die Torah te gedenk!! Soos Israel van ouds het hulle hulself ook voorberei vir hierdie afspraak (ontmoeting) met YHVH. Waarskynlik het hulle hierdie keer 'n verwagtinge verlangete gehad na die belofte wat Yeshua hulle aan herinner het voordat Hy in die hemel opgeneem is, naamlik:

En toe Hy nog met hulle saam was, het Hy hulle bevel gegee om nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag op die belofte van die Vader, wat julle, het Hy gesê, van My gehoor het. Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank ná hierdie dae nie. Hand. 1:4 en 5

Ons lees ook: *Hulle almal het eendragtig volhard in gebed en smeking (Hand. 1:14).*

Dan lees ons die volgende in Hand. 2:1 tot 4:

En toe die dag van die pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar. En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit. En hulle is almal vervul met die Afgesonderde Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.

Soos Israel van ouds by die berg Sinai het die volgelinge van Yeshua die sigbare manifestasie van YHVH die Almagtige gesien en gehoor. Dit was soos 'n geweldige rukwind en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. Net soos Israel van ouds het die gelowiges in Yeshua ook die manifestasie van YHVH se woorde soos tonge van vuur gesien! Anders as met Israel by die berg het die vuur van YHVH nie die Torah op kliptafels geskryf nie, **MAAR** op die tafels van die harte van elke gelowige in Yeshua!! Dit was die vervulling van die profesie deur Jeremia:

Kyk, daar kom dae, spreek YHVH, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit; nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie—my verbond wat hulle verbreek het, alhoewel Ék gebieders oor hulle was, spreek YHVH. Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek YHVH: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken YHVH; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek YHVH; want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie.

Jer. 31:31 tot 34 (Heb. 8:8 tot 12).

YHWH het hierdie keer nie **tot** Sy volk gespreek nie, maar het **in en deur** hulle gespreek. Hulle het begin spreek in ander tale, naamlik in die moedertaal van die verskillende mense wat teenwoordig was:

En hoe hoor ons hulle, elkeen in ons eie taal waarin ons gebore is? Parthers en Meders en Elamiete en die inwoners van Mesopotámië, Judéa en Kappadócië, Pontus en Asië, Frigië en Pamfilië, Egipte en die streke van Libië by Ciréne, en Romeine wat hier vertoef, Jode en Jodegenote, Kretense en Arabiere—ons hoor hulle in ons eie taal oor die groot dade van God spreek. En hulle was almal verbaas en radeloos en sê die een vir die ander: Wat kan dit tog wees? Hand. 2:8 tot 12

Kan jy die verband sien met wat by Sinai gebeur het? Onthou hoe die gebeure by Sinai deur Judaïsme verduidelik word, naamlik dat YHWH se stem verdeel is in die tale van die verskillende volke sodat elkeen dit in sy eie taal kon hoor. Die woorde van YHWH het dus op Shavuot – dieselfde dag as wat YHWH Sy Torah gegee het – ook verdeel in tonge van vuur van verskillende tale wat op elkeen gaan sit het. Daarom het die omstanders gehoor hoe daar in sy eie moedertaal oor die groot dade van YHWH gespreek word (Hand. 2:12). Hulle het die woorde van YHWH soos deur die Gees aan elkeen gegee is gespreek. Hierdie was die woorde van Torah – YHWH se onderrig en instruksies.

Dit wat by die berg Sinai met die gee van Torah ‘n uiterlike ervaring was, het nou met die gee van die Afgesonderde Gees ook ‘n innerlike ervaring geword. Dit is ‘n innerlike ervaring wat uitwendig sigbaar geword het. Die Torah was nou in hulle verstand gegee en in hulle harte geskryf. Die gee van die Torah en die gee van die Afgesonderde Gees het nou ‘n innerlike werklikheid geword.

Daar het egter meer as net dit gebeur. Die belofte van die Afgesonderde Gees wat YHWH se krag sal wees, sodat elkeen ‘n kragtige getuie (Hand. 1:8) van Torah kan wees, het hulle nou gevul. Dit was dieselfde Gees wat Yeshua die lewende Torah gemaak het. Hulle het nie net die letter van Torah ontvang nie, maar ook die Gees van Torah. Dit wat hulle gesien en beleef het as die krag van Yeshua, het nou ook van hulle lewens besit geneem. Yeshua se woorde (profesie) in Joh. 14:16, 17 en 26 het waar geword:

En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle ‘n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.

.....maar die Trooster, die Afgesonderde Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.

Dit is die Gees van die Waarheid wat van Yeshua, die lewende Torah, sal getuig:

Maar as die Trooster gekom het wat Ek vir julle van die Vader sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy van My getuig. Joh. 15:26.

Die uitstorting van die Afgesonderde Gees is tot die gelowige se voordeel (Joh. 16:7), want dit sou in die plek van Yeshua as Leermeester kom en ook die krag van YHVH wees om in gehoorsaamheid te lewe.

Shavuot van die ou verbond was dus net 'n skaduwee van toekomstige dinge (Kol. 2:16 en 17). Hierdie skaduwee het onder die hernieuwe verbond plek gemaak vir die Lig van die Afgesonderde Gees wat YHVH se Torah, naamlik Yeshua die vleesgeworde Woord, in ons verstand gegee het en dit op ons harte geskryf het.

Laat ons dan ook nie die woorde in Heb. 1:3 vergeet nie wat na Yeshua verwys as die afskynsel (weerkaatsing) van YHVH se heerlikheid en die afdruksel van Sy wese en wat alle dinge dra (onderhou) **deur die Woord van Sy krag**. Yeshua is die Woord (Joh. 1: en 14) en die Woord, naamlik Torah, is 'n weerkaatsing van YHVH se heerlikheid en 'n afdruksel van Sy wese en die krag wat alle dinge in stand hou!!

In Yeshua het die Torah en die Afgesonderde Gees as eenheid gefunksioneer en gemanifesteer. Yeshua was as mens die lewende Torah en die krag van YHVH. Nou vir die eerste keer, met die uitstorting van die Afgesonderde Gees, kon die letter en die Gees van Torah ook 'n eenheid in elke gelowige se lewe word. Dit is die *Shavuotseën* (Pinksterseën) wat die Vader uit genade aan ons elkeen skenk en wat elkeen sal ontvang wat glo (Joh. 7:39). Beide die Torah en die Afgesonderde Gees is 'n geskenk van YHVH ons Vader wat ons deur Yeshua ons Messias ontvang.

Tydens *Shavuot* gedenk ons ook soos Israel van ouds die gee van die Torah, maar ons gedenk ook die gee van die Afgesonderde Gees wat in ons uitgestort is om kragtige getuies, in gedagtes, woorde en daede, van Torah te wees. Torah sonder die Afgesonderde Gees is dood, maar Torah met die Afgesonderde Gees is ware Lewe – die Boom van die Lewe!!

Nie dat ons uit onself bekwaam is om iets as uit onself te bedink nie, maar ons bekwaamheid is uit God, wat ons ook bekwaam gemaak het as dienaars van 'n nuwe verbond, nie van die letter nie, maar van die Gees; want die letter maak dood, maar die Gees maak lewend. 2 Kor. 3:5 en 6

Gevul met die Afgesonderde Gees kan elkeen 'n Torah-gehoorsame lewe leef. Dan word Torah 'n vreugde, want ons leef dit sonder die oordeel van die oortreding daarvan. YHVH het ons deur Yeshua Messias gered en vrygespreek sodat ons met die Afgesonderde Gees gevul kan wees om Torah te kan verstaan (dit is in ons verstand gegee) en Torah as hartsbegeerte te kan leef (dit is op ons hart geskryf). Die wet van die Gees van lewe in Yeshua Messias het ons vrygemaak van die wet van sonde en oordeel (Rom. 8:2). Nou kan ons as vrygespreektes volgens Torah leef – nie volgens die letter van die wet nie, maar in die *nuwigheid van die Gees* (Rom. 7:5 en 6), want Torah is nie meer op kliptafels geskryf nie, maar op ons harte.

For when we were living according to our old nature, the passions connected with sins worked through the Torah in our various parts, with the result that we bore fruit for

death. But now we have been released from this aspect of the Torah, because we have died to that which had us in its clutches, so that we are serving in the new way provided by the Spirit and not in the old way of outwardly following the letter of the law (Rom. 7:5 and 6 – Complete Jewish Bible)

Die Torah (die wet) en die Afgesonderde Gees is eenmalig gegee, maar ons ontvang daaglik die openbaring van YHVH se liefdevolle onderrig en instruksies en ons word daaglik opnuut gevul met die krag, wysheid en insig van YHVH se Gees. Dit is die vreugde van *Shavuot* wat ons gedenk!!

Die Fees van Pinkster (*Shavuot*) is dus nog 'n profetiese vervulling van YHVH se totale reddings- en herstelplan vir die mens. **Dit is die dag toe YHVH Sy Torah op die harte van die eerste volgelinge van Yeshua geskryf het en Hy hulle met Sy Gees gevul het om die werke van Yeshua Messias hier op aarde voort te sit.** Met Torah in hul verstand en hart, en gevul met die Afgesonderde Gees, kon die krag van YHVH in en deur hulle manifesteer. Hierdie twee saam, naamlik Torah en die Afgesonderde Gees vorm die basis vir die gawes (werking) van die Afgesonderde Gees.

Op *Shavuot* was die Apostels bemagtig om die evangelie van die reddende genade in Yeshua te verkondig en almal te leer om Torah-gehoorsaam te lewe (Matt. 28:19). Nou was hulle bemagtig vir die gawes van die Afgesonderde Gees om deur hulle te manifesteer (Mark. 16:15 tot 20). Hierdie is YHVH se geskenk vir elkeen wat glo en dit begeer. Vader-God het deur Yeshua Sy Torah in ons verstand gegee, dit op ons harte geskryf en ons met Sy Afgesonderde Gees gevul sodat Torah en Sy Gees as eenheid saam kan funksioneer!!

Daarom is *Shavuot* ook die vervulling van die profesie in Eseg. 36:25 tot 29. Luister na hierdie woorde:

Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; van al jul onreinhede en van al jul drekgode sal Ek julle reinig. En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee. En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen. En julle sal woon in die land wat Ek aan jul vaders gegee het; en julle sal vir My 'n volk en Ek sal vir julle 'n God wees. En Ek sal julle verlos van al jul onreinhede; en Ek sal roep na die koring en dit vermenigvuldig, en Ek sal geen hongersnood op julle lê nie.

Het jy al YHVH se Torah, Sy onderrig en instruksies, in jou hart ontvang? Is jy al gevul met YHVH se Gees om 'n kragtige getuie van Yeshua en van Torah te wees sodat jy dit in gedagtes, woorde en daade kan leef en so die lippe, hande en voete van Yeshua kan wees? Indien wel, dan het jy rede om *Shavuot* met vreugde en dankbaarheid te gedenk.

Op *Shavuot* het ons Vader 'n afspraak met jou en my!!! Wees daar om opnuut Sy Torah en Sy Gees te ontvang!!

Maar onthou: Yeshua, die Afgesonderde Gees van YHVH en Torah vorm ‘n onlosmaakbare eenheid. Jy ontvang al drie of niks. Jy kan nie kies watter een jy wil ontvang nie!!!!

Bepeins of Bespreek

1. Volgens die Christendom is die eerste gebod Ex. 20:3, naamlik: *Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie*. Die waarheid is egter dat Ex. 20:2 die eerste gebod is, naamlik: *Ek is YHVH jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis uitgelei het*. Die eerste gebod: *Ek is YHVH jou God.....* is die sleutel. In Hebreeus word dit gebiedende wys (*imperative mood*) geskryf – dus as ‘n bevel. Indien jy in YHVH glo, sal jy die ander nege gebooie ook hoor en doen – uit liefde dit glo en doen of jou lewe daarvan afhang! Hierdie is ‘n bevestigende (regstellende) vereiste wat die basis vorm vir gehoorsaamheid van die ander nege gebooie. Dit is die persoonlike bevestiging dat YHVH die Oppergesag is en dat Hy die Wetgewer is; die Een wat mag het om te red en te verderf (Jak. 4:12; verwys ook Matt. 10:28). Hierdie erkenning van YHVH se Oppergesag is die ‘motiveerder’ tot gehoorsaamheid en die ‘inhibeerder’ van ongehoorsaamheid.
2. Die wat Torah-gehoorsaam leef, sal met onderstaande kan identifiseer!!



3. Die maatstaf (skietlood) of jy YHVH waarlik liefhet, en wie die god is wat jy dien, is die Tien Woorde. Indien jy al tien onderhou, dan dien jy die ware Lewende God, YHVH, en het jy Hom lief (Joh.14:21 en 23; 1 Joh. 2:3 tot 10, veral verse 3 en 4).

Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

Jes. 6:5 – Onrein lippe

Wee my, ek is vernietig, want ek is ‘n man van onrein lippe en ek woon onder ‘n volk van onrein lippe, want my oë het die Koning, יהוה-Tzva’ot, gesien!’ (PWL Vertaling)

Die ooreenkoms tussen hierdie week se Torah en Haftorah Skriflesing is te vinde in Ex. 20:18 en Jes. 6:4 onderskeidelik. In beide gevalle het die manifestasie van YHVH se teenwoordigheid plaasgevind.

Die hele volk het die stemme gehoor, die blitse, die klank van die ramshoring en die rokende berg gesien. Toe die volk dit sien het hulle gebewe en op ‘n afstand bly staan.

Ex. 20:18.

Die fondasies van die drumpels het gebewe deur die stem van hom wat uitgeroep het, terwyl die tempel vol rook geword het. Jes. 6:4.

Dit was nie net die fisiese ervaring van rook, donderslae en blitse wat gemaak het dat Israel gebewe het nie, maar ook die woorde uit YHVH se mond. Elke woord het YHVH se Heiligheid (Afgesonderdheid) en Oppergesag bevestig. Israel het gebewe omrede hul besef het dat hulle skuldig is. Die tien woorde van YHVH het hulle geoordeel! Eerbiedige ontsag (vrees) vir YHVH het die kamp gevul in afwagting van moontlike straf wat hulle opgelê gaan word.

Maar Israel is van die slawejuk van Egipte verlos en na Sinai gebring om aan YHVH verloop te raak. Hulle sondes van die verlede is in Egipte deur die geslagde paaslam en die bloed aan die deurkosyne vergewe. Sinai is die bevestiging van die nuwe begin (nuwe lewe) vir Israel. Al wat YHVH nou van elkeen vra is nie net geloof (vertroue) in YHVH se reddende genade nie, maar ook vertroue in YHVH as Voorsiener en getrouheid aan Sy Torah. Hierop het die hele volk gereageer deur eenparig te sê: Al die woorde wat YHVH gesê het, sal ons doen (Ex. 24:3).

In Deut. 29:14 en 15 leer ons dat saam met Israel het die nageslagte ook by Sinai gestaan.

Ek sluit nie nou hierdie verbond en hierdie eed met jul alleen nie, maar beide met hulle wat vandag hier saam met ons voor die Teenwoordigheid van יהוה, ons God, staan én met die wat nie vandag hier saam met ons is nie,

Hiervolgens is dit duidelik dat Jesaja as te ware ook by Sinai teenwoordig was. Daarom het Jesaja, toe hy die visioen van die manifestasie van YHVH se Teenwoordigheid in die tempel ervaar het, uitgeroep:

Wee my, ek is vernietig, want ek is 'n man van onrein lippe en ek woon onder 'n volk van onrein lippe, want my oë het die Koning, יהוה -Tzva'ot, gesien!" Jes. 6:5 (PWL Vertaling).

Telkens wanneer Israel in Torah-ongehoorsaamheid verval het, het hulle lippe onrein geword, want die woorde wat hulle by Sinai gespreek het, naamlik: *Al die woorde wat YHVH gesê het, sal ons doen* (Ex. 24:3), het 'n leuen geword. Israel se reinheid het in onreinheid verander! Daarom het Jesaja onder die diepe besef van sy eie sonde gekom, asook onder die besef van die sonde van die volk onder wie hy woon, en dus van sy eie onwaardigheid om in YHVH se teenwoordigheid te staan. Jesaja het geweet dat dit wat onrein is nie in YHVH se teenwoordigheid kan staan nie.

Maar daar waar daar 'n besef van sonde is wat met opregte berou gepaard gaan, daar is die genade van YHVH oorvloedig.

Toe het een van die serafs na my toe gevlieg met 'n brandende kool in sy hand, wat hy met 'n tang van die altaar afgehaal het. Hy het my mond aangeraak en gesê: "Let op, dit het jou lippe aangeraak en jou wetsoortreding is weggevat en jou sonde vergewe."

Jes. 6:6 en 7 – PWL Vertaling

Jesaja se oortreding van Torah (sy sonde) is vergewe deur 'n brandende kool vanaf die brandofferaltaar – die plek waar daar vir die sondes van die volk geoffer was. Nou het Jesaja se onreinheid in reinheid verander. Sy onrein lippe was nou lippe van reinheid en hy was gereed om as profeet na die volk te gaan om hulle te waarsku van YHVH se naderende strafgerigte indien hulle nie terugkeer tot Torah-gehoorsaamheid nie.

Soos Israel en Jesaja het ons ook by Sinai gestaan en bely dat *al die woorde wat YHVH gesê het, sal ons doen*. Ons rein lippe het egter in onrein lippe verander weens ons Torah-ongehoorsaamheid. Wanneer ons egter soos Jesaja met berou tot die besef van ons onreinheid kom, sal ‘n brandende kool van YHVH se brandofferaltaar, naamlik van die folterpaal waaraan Yeshua gehang het, ook ons lippe aanraak sodat ons weer rein kan word.

Bepeins of Bespreek

1. Hoor ons ook die stem van YHVH wat vra: *Wie sal Ek stuur, en wie sal vir ons gaan? Wat is jou antwoord?*
2. Ons word ook gestuur om aan die volk (die kerk) te sê: *“Hou aan luister, maar begryp nie; hou aan kyk, maar verstaan nie. Maak die verstand, wil en emosie van hierdie volk onsensitief, hulle ore dig en hulle oë dof, anders kan hulle dalk met hul oë sien, met hul ore hoor en met hul verstand, wil en emosie verstaan en terugdraai en gesond gemaak word.”* (Jes. 6:9 en 10 – PWL Vertaling)
3. Wie is daar wat nog vrees wanneer die tien gebooue gelees word? Is dit nie tyd dat ons almal opnuut ‘n Sinai-ervaring ondergaan nie?

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!!

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.